

Inhoud Hierdie preek wys dat ons as gelowiges Christus as die Woord van God ontvang en aanvaar en só ons tot die ware en lewende God bekeer. In afgodsdienste maak geestelikes hul praatjies oor hul gods-idees, godservarings en goddelike aandoenings, goddelike woorde. Christus ontbloot hierdie goddelike waar elkeen oor God kan dink, voel en ervaar soos hy wil, en God is soos hy dink, voel en ervaar, mensewoorde. Wie hierdie mensewoorde as goddelike woorde aanvaar, bekeer hulle weg van die ware en lewende God tot afgode. Dit is hoe geestelikes vandag Christene van die ware en lewende God van binne die kerk tot afgode wil wegkeer in die Naam van Jesus.

Skriflesing Joh. 1: 1 -3, 17: 14, 17, 26. 1 Thessalonisense 1: 2 -10; 2: 13 – 16;

Teks 1 Thess. 2: 13 En daarom dank ons God onophoudelik dat julle, nadat julle die woord van God van ons ontvang het, dit nie as 'n woord van mense ontvang het nie, maar waarlik as die Woord van God – dié Woord wat werksaam is in julle wat glo.”

Tema Christus is God se Woord wat in ons werksaam is as God se Woord.

1. Paulus maak die verklaring oor die gelowiges in die stad Tessalonika in Griekeland dat hulle sy verkondiging van Jesus Christus as die Woord van God ontvang en aanvaar het en nie as mense woorde nie.

U het in hoofstuk 1 gehoor wat het Paulus aan hulle verkondig: Jesus Christus het uit die dood uit opgestaan en red hulle van die oordeel van God. Hy het aan hulle Christus wat vir hulle sonde gely, gekruisig is, gesterf, ter helle neergedaal het en uit die dood uit opgestaan het om hulle met Homself te verenig, verkondig.

Hulle het Jesus Christus, wie Hy is en wat Hy vir en met hulle gedoen het, as God se Woord aanvaar. Dit is die werklikheid waarvoor Paulus se verkondiging van Christus die Grieke in Tessalonika gestel het:

God se woorde of mensewoorde!

Wie praat nou met my en wie hoor ek: God, my Skepper en sy Woord of mense met hulle praatjies oor God? Wie praat nou met my en wie hoor ek in die verkondiging van Jesus Christus? Die woorde van die prediker, die dominee, van 'n gemeenskapsleier, 'n mens met oor sy geestelike idees, ervarings en gevoelens, of hoor ek God se Woord?

2. Paulus stel uitdruklik dat hulle die openbaring van wie Christus is en wat Hy vir hulle doen, as die Woord van God aanvaar het.

Dit is heeltemal iets anders as om te besluit hulle maak die woorde wat hulle hoor vir hulleself die woorde van God. Hulle het nie na die prediking gou 'n vergadering gehou en 'n bespreking gehou oor wat Paulus se idees oor God, sy gevoelens en ervarings oor God is, besluit hierdie woorde is mooi, inspirerend en opwindend, en toe besluit dit klink vir hulle soos God se woorde, en toe 'n stemming gehou om te besluit of dit God se Woord is of nie.

Daar het iets anders met hulle gebeur. Hulle het die Woord van God ontvang en as God se Woord aanvaar. Hierdie ontvang beteken hulle het God se Woord as sy Woord geglo. Hierdie Woord is Christus! Hulle het Christus en wie Hy is en wat Hy doen as God se Woord ontvang en Christus aanvaar vir wie Hy is en wat hy doen.

Deur God se Woord as God se Woord te hoor en te ontvang het daar iets diep ingrypend met hulle gebeur. Hulle het volgens Paulus se beriggewing hulle van hulle afgode weggedraai om die lewende en ware God te dien. Deur God se Woord te ontvang en te aanvaar, het hulle afgode as afgode herken en nie meer as gode aanbid nie.

Dit is ingrypend!

Paulus stel in hoofstuk een dat in die hele Griekeland is die Grieke besig om hieroor te praat. Dit is glad nie 'n oordrywing nie. Elke Griek in elke stad in die hele Griekeland het verskillende gode vereer wat deel van hulle Griekse kultuur en tradisie was. Hierdie afgode was ook die magsbasis van die gemeenskap en leiers. Nou skielik hoor hulle daar is mense wat hierdie gode wat hulle aanbid en die magsbasis van hul gemeenskap is, almal verwerp en een lewende en ware God aanbid.

3. Paulus stel dat God se Woord was en is werksaam in hulle. God werk deur Christus sy Woord soos God as Skepper werk. God is as Skepper werksaam deur sy Woord. Daarom stel Johannes dat Jesus nie praatjies en ervarings oor God met ons kom deel het nie. Christus is werksaam as God se Woord – alles het deur Hom as Woord tot stand gekom en Hy skep alles wat Hy vir ons bewerk het in ons deur sy Woord.

Paulus stel dat in en deur sy prediking van Jesus Christus, die evangelie wat hy gepreek het, (1: 5) het die prediking nie net as 'n geestelike praatjie na hulle gekom nie, maar in hierdie Woord, Christus, het God met krag en deur die Heilige Gees hulle uit hulle afgodsdienste bevry om Hom as die lewende en ware God te eer, aanbid en te dien.

Deur God se Woord te ontvang en te aanvaar, het hulle van alle afgode weggedraai en teruggedraai na die ware en lewende God toe. (1:9) Want God het al hul idees,

gevoelens en ervarings wat hulle van God en oor God vir hulleself opgemaak het soos spinnerakke uit hulle innerlike weggevee.

Dit is hoe Christus die Woord is – Hy verdryf alle afgodsbeelde en afgodsdienste uit ons gemoed en harte en skep in ons harte ware liefde vir die ware en lewende God, geloof in die ware en lewende God se liefde vir ons en die hoop op God se volkome liefde soos Paulus dit beskryf in die eerste verse van hoofstuk 1.

Christus vernietig afgodsdienste in mense se harte en verstand en skep godsdienste in hulle harte en verstand.

4. Die teenstelling wat God se Woord skep is óf afgode óf die ware en lewende God! Of die aanbidding van afgode of die wegdraai van afgode en die aanbidding van die een, ware en lewende God alleen.

Dit is wat die geestelikes van hierdie wêreld net nie meer wil hoor nie, ook die geestelikes in die NG Kerk nie: Christus laat ons wegdraai van afgodsdienste en terugdraai na die ware en lewende God wat net volgens sy Woord geken en gedien kan word – Jesus Christus.

Wat is hierdie afgodsdienste? Dit is 'n misgissing dat dit die maak van fisiese beeldjies van God is! So asof jy afgodsdienste in mense se harte, verstand en siele stop as jy die fisiese beeldjies wegvat!

Afgodsdienste is om jouself met God se krag, mag, lewe, persoon en wil te vereenselwig op só 'n wyse dat jy glo, voel en dink dat dit jou eie krag, mag, lewe, persoon en wil is.

Afgodsdienste is mense angstige opgewekte, lewendige, vrolike en verwagtingsvolle ervaring van hul eenheid met God se mag, mag, lewe, lewe en persoon. Die algemene beskrywing hiervoor vandag is “emosionele godsdienste”. Dit is 'n misplaasde beskrywing want alle geestelikheid is emosioneel, daar kan nie iets soos 'n onemosionele geestelikheid wees nie. Dit is onmenslik.

Hierdie opgewekte driftigheid is totaal iets anders – dit is hoe mense hulle dooie gode as lewendige gode herleef en opwek. Paulus stel doelbewus hierdie opgewekte geestelike verering van afgode teenoor die ware en lewende God. Hulle is net besig om met geestelike opgewondheid hul dooie gode en herleef en op te wek om hul eie wil te ervaar as 'n goddelike wil, hul eie mag as goddelike mag te ervaar, hul menslike lewe as 'n goddelike lewe, hul eie persoon as 'n goddelike persoon.

So maak hulle hul menings oor hulself, hul opvatting oor hul self en hul ervaring van hul self God se woorde. Hulle maak mensewoorde oor hulself, die Woord van God.

Daarom preek hulle altyd stories oor hul self en mense as God se Woorde. Paulus noem hierdie woorde oor goddelikheid – mensewoorde!

5. Ons kan hierdie verskil tussen Christus wie God se Woord is en mense se gepraat oor hul eie goddelike ervarings vergelyk met die verskil in die wyse waarop ouers met kinders praat teenoor die wyse waarop kinders in bendes met mekaar praat.

As 'n ouer jou as kind aanspreek is daardie woorde nie maar somer net 'n gemoedelike praatjie nie. In die woorde van 'n ma of pa vind jy jouself as hulle kind in hul liefde, sorg en behae. Want in die woorde waarmee hulle jou aanspreek, bind hulle jou in hul liefde in om hul kind te wees.

Dit is presies hoe Christus Homself as God se Woord vir sy kinders in sy gebed vir sy kerk in Johannes 17 openbaar. In vers 14 stel die Here, “Ek het aan hulle u woorde gegee, in vers 17 “Heilig hulle deur die waarheid – u woorde is die waarheid” en in vers 26 “En ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad in hulle kan wees en Ek in hulle.”

Christus is God se Woord. Sy lyding en opstanding en die krag waarmee Hy ons in sy lyding en opstanding as mens laat deel, is God se Woord. Dit is wat Johannes noem “die woorde van God” wat Hy aan ons gee. Wie hierdie Woord ontvang word ingesluit in die liefde van God die Vader vir sy Seun omdat hulle met sy Seun verenig word en is. God se Woord bind ons in die liefde van die ware en lewende God in. Net soos ouers met hulle woorde hul kinders in hul liefde inbind.

6. Hoe praat kinders in bendes met mekaar?

In bendes praat kinders met mekaar as kinders met afwesige ouers. Dit is die krag van alle kinderbendes – afwesige ouers! Vir hulle is ouers se woorde net leë niksseggende woorde, woorde wat voorskriftelik, gebiedend, dreigend en veroordelend is, want hierdie woorde bind hulle nie aan die liefde van 'n teenwoordige ouer nie.

Hoe praat kinders in bendes met mekaar? Met kragvolle woorde! In elke woord probeer hulle die krag, mag, lewe en persoon vertoon wat iets groter, iets sterker, iets beters en magtiger is as die van 'n kind!

Dit is hoe hulle mekaar se woorde ontvang en aanvaar – as woorde waarin hulle mekaar bemagtig om grootmense te wees. Magtige en kragtige kinders! Maar dit is somer net magsbeelde wat hulle in en vir mekaar lewendig praat, somer net kinderfantasieë wat nie die werklikheid van hul kindwees is nie.

Dit is wat in afgodsdien gebeur! Mense praat hulle self goddelik in die afwesigheid van die liefde van God. Hulle vertel hul eie lewensverhale as goddelike ervarings, hul eie menslike optredes as die optredes van God self, en hou hul eie lewe en persoon voor asof God self in en deur hulle sy goddelike lewe en Naam uitbeeld. Hulle noem dit – jy moet God en sy goddelikheid in hulle raaksien!

Menslike opgemaakte fantasieë oor goddelike ervarings – wat maar net mense woorde oor goddelikheid is.

7. Hoe hoor ons Christus? As God se Woord of as mense se woorde? Mense se woorde oor hoe hulle hul self as goddelik ervaar en sien? Hoor ons Christus se Woord as God se Woord of as mense se woorde oor hul afgodsdien.

Ons ervaar as kerk van die Here 'n diep aanslag op die Woord van God. Ons ervaar dit uit twee verskillende hoeke af. Die een is vanaf die staatsuniversiteite. 'n Aanslag uit universiteite se teologiese fakulteite wat niks anders as Christelike afgodsdien is nie. Ons moet onthou dat elke teologiese fakulteit is nou 'n staatsinstelling wat nie meer aan die geloofsbelydenis van die NG Kerk gebind is nie. Dit is nou volgens hul eie benaming “Religious studies”.

Die pseudo-wetenskaplike aanslag klink só! Hulle is nou besig met wetenskaplike en nie meer gelowige studies nie. Die Bybel is 'n versameling van mense se teologiese opvattinge. Dit is mense se idees, se gevoelens, se opvattinge en ervarings van God in hulle eie lewe in die tyd waarin hulle geleef het. Paulus se briewe wys ons Paulus se teologie. Petrus, Johannes, Markus, Matteus en Lukas se geskrifte wys ons hulle teologie.

Die manier waarop ons hulle opvattinge en ervarings van God moet lees, is dat eers hulle opvattinge en ervarings in hulle lewe in die verlede moet verstaan en dan moet ons hulle opvattinge en ervarings oor God in ons eie lewe prakties maak.

Ons moet egter net onthou dat hulle lewe 'n ou antieke lewe was en ons sin 'n moderne wetenskaplike lewe is en al hulle ou uitgedien opvattinge en ervarings van God nie net so kan van toepassing maak in ons eie lewe nie. Ons moet hulle opvattinge en ervarings van God op ons eie manier vergeestelik in ons eie moderne, wetenskaplike en tegnologiese lewe. Ons moet hulle idees weer vir 'n nuwe tyd vergeestelik.

Dit is mos niks anders as wat die Woord van God as afgodsdien openbaar nie. Jy moet jou eie idee, eie gevoel en eie ervaring oor God opmaak, en dan is dit jou God. Elkeen sien God op sy eie manier en elkeen dien God op sy eie manier. Dit is presies net die afgodsdien van alle tye. Al verskil met hierdie afgodsdienbedryf is dat elkeen nou op sy eie opvatting oor God die sticker “Jesus” opsit. Ons gebruik

nie meer verskillende name vir verskillende godsopvattinge en ervarings nie. Alles kry die een “sticker” Jesus” op! Een naam vir elkeen se eie godservaring!

Hy is nie meer God op so wyse dat Hy jou insluit in die Vader se liefde nie. Hy is sommer net jou “geloofskonstrukt” sal die geleerde geestelikes sê!

Die geloof oor Christus in hierdie afgodsdienste is dat Jesus ’n geestelike mens was met baie besondere idees, gevoelens en ervarings oor God wat Hy met ons kom deel het. In hierdie pseudo-wetenskaplikheid is die Here Jesus nie meer die Woord van God nie.

8. Christus is nie ons opvatting of ervaring nie. Hy is die Here! Christus, wie Hy is en wat Hy met, vir en in ons doen, is nie eers die Bybelse mense se opvattinge en ervarings oor God nie. Hy is God se Woord. Waar Hy homself as God bekend maak wat mens geword het in ons plek, sluit Hy ons in sy liefde as God in.

Daarom sê Christus in Johannes 17 vers 26 “En ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad in hulle kan wees en Ek in hulle.” Christus maak Homself nog elke dag as God se Woord bekend. Dit is ’n handeling van die teenwoordige God wat ons in sy liefde insluit. Dit is nie mense se woorde van en oor hul self in die afwesigheid van Christus as die lewende Here nie. Christus sluit ons as Skepper in by die liefde van die lewende ware God.

Hierdie afgodsdienste is nie net die leerstellings van staatsfakulteite nie. Dit is ook die afgodsdienste van die geleef geestelikheid van gemeenskappe elke dag. Ons moet al meer en meer na mense se geestelike ervarings oor God luister, ook in eredienste eis hulle tyd vir hul selfdemonstrasies. Dan kom staan hulle hier voor en vertel vir ons eers hoe sleg was hy en hoe goed is hy nou. Hy het tot bekering gekom. Waarna het jy nou geluister? Want is sy hele bekerings storie het hy nie vertel wie Christus vandag is, hoe ons deur Hom as God ingesluit is in wie Hy as mens vandag is nie en dat ons heilig, regverdig, goed en onberispelik vir God se liefde is, sonder ons wetsonderhouding. Jy het nie na God se Woord geluister nie. Jy het sommer net na mensewoorde geluister. Jy het nie Christus ontvang en aanvaar nie. Jy is diep beïndruk en diep geraak deur leë mense woorde.

9. Kom ons vat weer die voorbeeld van hoe kinders in bendes met mekaar praat! Word hulle grootmense wanneer hulle met sulke kragtige vertellings vertel wat het ek met hom gedoen, wat het ek met haar gedoen, wat het ek met drank gedoen, word hulle nou grootmense? Dis kinders fantasieë met leë woorde.

Met al hierdie dramatiese demonstrasies bly hulle net kinders met afwesige ouers! Jy kan nie met hierdie leë gedramatiseerde stellings iets anders wees as ’n kind wat ’n vader soek nie.

Dit is afgodsdien!

Dit is die krag waarin ons vasgevang word! Word deel van al die bendes! Wie van u het vanoggend na die dominee se idees, ervarings en gevoelens oor God kom luister. Dit is verspot! Dink u ek het hierdie week aan 'n mooi geestelike idee gaan werk om vir u te kom vertel of iewers gaan sit en 'n diep geestelike ervaring van God te probeer kry om vir u te kom vertel?

Nee. Ons luister na die Woord van God. Christus is die Woord van God. Wanneer ons na Hom luister sal Hy al hierdie geestelike idees, gevoelens en ervarings wat ons oor God opmaak soos muwwe spinnerakke uit ons gemoed wegvee. Christus wat God se Woord is, vernietig alles wat in hierdie teologieë oor God gesê word: al hulle praatjies oor Paulus se idees, se opvattinge, se ervarings oor God in hulle tyd en in hulle lewe – is die afgodsbeelde wat Christus mense van bevry!

Want dit is net mense woorde oor hul eie goddelike idees, opvattinge en ervarings!

Wie Christus in sy lyding en opstanding hoor, keer hul weg van hierdie goddeloosheid van mense woorde oor goddelike idees en opvattinge tot die ware en lewende God. Christus skep in ons eerbied, dankbaarheid, lof en aanbidding van die een ware en lewende God.

En dit is iets wat nooit gebeur binne mensewoorde, hierdie mense woorde oor idees en opvattinge, teologie oor God nie. In hulle goddeloosheid leef hulle met die verdraagsaamheid van alle afgodsdienste – elkeen maak en het sy eie idee, sy eie opvatting en ervarings van God, maar niemand kan hulle tot die ware en lewende God bekeer nie.

10. Kom ons sluit af deur na een voorbeeld van hierdie afgodsdien binne die NG Kerk te kyk!

Ons sit in die NG Kerk tans met die hartseer dat een van ons kerklike vergaderinge, en dit is al wat dit is, net nog een kerklike vergadering, het die besluit geneem dat God se Woord het ons by 'n dooie punt uitgebring. Dit is nie verdagmakery nie. Dit is hoe hulle hul self en hul posisie voor God se Woord beskryf. Die Bybel het hulle in 'n doodloop straat met mekaar as geestelikes gebring.

God se Woord kan volgens hulle ons nie meer help om te besluit hoe ons God moet liefhê nie. God se Woord bring ons net op 'n dooie punt uit. Daarom kan elkeen nou self besluit wat vir hom liefde is en wat hy besluit liefde is, is dan reg en as iemand anders besluit sy liefde is eintlik sonde dan is dit vir daardie een sonde, want God het vir hom gesê dit is sonde.

Wat is dit anders die houding dat jy het jou idee oor God en ek het my idee, gevoel en ervaring oor God, en elkeen aanbid God soos hy voel en dink?

Jy voel dit is God. Mooi vir jou! Ek voel anders oor God. Kry vir jou! Ons moet net almal die “sticker” Jesus opsit! My God wys dit is sonde en jou God wys dit is liefde. Elkeen aanbid God soos hy wil! Al wat verkeerd is met hierdie verklaring is dat dit só gestel moet word: “Elkeen aanbid die afgod wie hy verkies!”

Hierdie houding laat totaal iets anders gebeur as wat in die stad Tessalonika gebeur het: in die Christelike kerke draai mense nou weg van die een ware en lewende God en aanbid elkeen die god van sy voorkeur.

In Tessalonika het hierdie mense juis gebreek met hierdie afgodsdienste houding: “Elkeen aanbid God op sy eie manier”, “Elkeen sien God soos hy wil op sy eie manier”, “Elkeen ervaar God op sy eie manier”, en “elkeen se opvatting, gevoel en ervaring van God is ewe reg!” en hulle tot die een ware en lewende God bekeer in hierdie geloof “Een, ware en lewende God het my in en deur Christus se lyding en opstanding in sy liefde ingesluit en vasgebind.”

Christus se lyding en sterwe is die Woord van God en ek ontvang en aanvaar dit as die Woord van God wat my inbind in sy liefde.

Hoe kan dit gebeur? Hoe kan ons in 'n Christelike Kerk sit en ons wegkeer van die ware en lewende God na die aanvaarding van 'n veelgodedom – van afgodsbeelde oor Jesus? Want dit is wat die geestelike geleerdes en hul geestelike leraars wil doen, ons wegkeer van die ware en lewende God na die ervaring van 'n veelgodedom!

Dit kan net gebeur wanneer ons Christus nie meer as God se Woord ontvang en aanvaar nie, maar mense woorde oor goddelike ervarings, idees en gevoelens met God se Woord in ons lewe vervang!

11. Na wie luister jy?

Luister jy na jou teenwoordige Vader wat jou as die ware en lewende God inbind in sy liefde, of luister jy na die bende? Mense se kragvolle vertellings oor God! Wanneer jy die Bybel oopmaak en luister na die Woord van jou Vader wat jou inbind in sy liefde, kan al die magsdemonstrasies en intellektuele wetenskaplike verklarings van geestelike bendes jou net nie raak nie. Dit gaan net verby jou terwyl jy in die liefde van God die Vader leef.

Dit is die posisie wat ons moet ontdek! Ek gee nie om want geestelike bendes voel en dink en demonstreer nie. Of hierdie bende nou die hoogste vergadering van die kerkinstelling of die massavergadering op die Vrystaatse vlaktes is! Ek luister nie na

bende-verklarings waarin hulle hul goddelikheid wys nie! Ek luister na die Woord van God – Christus!

Ek behoort nie aan een of ander geestelike bende nie. Ek behoort aan die ware en lewende God en ek ontvang en aanvaar Christus as God se Woord, en as julle bendes vir julle ander godsbeelde, godservarings en gods-idees gaan opmaak – kry vir julle! Dit raak my nie!